

## Wat eet ons?

In die evangelies lees ’n mens dat Jesus dikwels saam met ander mense geëet het, en klaarblyklik lekker geëet het.  Soveel so dat Hy volgens Matteus 11:19 deur sy kritici as ’n “vraat en wynsuiper” uitgeskel is. As ons nadink oor Jesus se teenwoordigheid as mens op aarde, kan ons dit ook doen deur lekker te eet en te drink. Dit verskil van Lydenstyd, wat op Epifanie volg en wanneer gelowiges tradisioneel soberder eet. Dit het al tradisie geword om op die Dinsdag voor Aswoensdag ’n laaste lekker pannekoekete te geniet voordat Lydenstyd aanbreek.

Jesus het honger skares gevoed met vis en brood. ’n Mens sou tydens Epifanie ’n ete met vis en brood op die spyskaart kon geniet om hierdie verhale in gedagte te roep.

Dit het al tradisie geword om op die laaste Disndag voor Aswoensdag pannekoek te eet. Dis ’n laaste lekker eet voordat Lydenstyd met sy soberder eetgewoontes aanbreek.